VERLENGDE INPERKING
HERDERSBRIEWE DEEL 2

12 JULIE 2020
HERDERSBRIEF #32B

Geliefde gemeente,

Ons het gekom by die 32ste herdersbrief – hou asseblief in gedagte, dat wat EKD aanbetref, ons in die 33ste jaar van ons bestaan is. Ek kan nie help om te dink, dat ons in hierdie 33ste jaar, 'n profetiese demonstrasie was van Christus Jesus se vleeswording. Daarom gaan ons hierdie reeks herdersbriewe volgende week afsluit, met die 33ste brief.

Ek wil hoop en vertrou, dat die onderwerp van híérdie brief, en die 33ste brief die hoogtepunt van hierdie reeks sal wees.

Die tema van hierdie brief vind ons in ***Rom. 7:6***:

**DIEN GOD IN DIE NUWIGHEID VAN DIE GEES EN NIE IN DIE OUDHEID VAN DIE LETTER NIE**.

Wat beteken dit in praktyk?

Ons geloof-aksies en oortuiginge: staan in die teken van die **NUWIGHEID VAN DIE GEES**. Kom ons verduidelik dit vanuit die Skrif.

***Romeine 7*** onderstreep die feit dat 'n vrou, kan haarself nie tot 'n nuwe verbintenis verbind, terwyl haar man nog lewe nie. (Dit is die volle implikasie van die **WET**). Indien haar man egter te sterwe kom, mag sy haar tot 'n ander man verbind.

Wat is die geestelike betekenis hiervan?

***Rom. 7:4*** gee vir ons die konsekwente perspektief: toe Christus gekruisig was, en ons by implikasie objektief, saam met Hom gekruisig was, beteken dit die *sterfuur van die wet* – want die wet (gee aanleiding tot die dood) en daarom het Christus die wet vervul en tot in die dood vervul, d.w.s. die dood tot niet gemaak.

Ons is dus nie meer aan die wet verbonde nie – die wet met wie ons *getroud was*, was aan die kruis van Golgota ***"gedood"****.*

Dank God dat Hy Christus in 'n *nuwe dimensie* opgewek het – sodoende het Christus **DIE GAWE VAN DIE EWIGE LEWE GEWORD**. Deur die **doop**, het ons saam met Christus opgestaan en is ons dus **MET CHRISTUS (DIE LEWENDE) GETROUD** – ***Rom. 6:4*** *"Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel."* ***Rom. 7:4*** *"So, my broeders, is julle dan ook ten opsigte van die wet dood deur die liggaam van Christus, om aan 'n ander te behoort, naamlik aan Hom wat uit die dode opgewek is, sodat ons tot eer van God vrugte kan dra."*

Ons kan dus nou, die lewe wat ons nou leef – deur die geloof – verstaan, dat ons nie meer met die wet getroud is nie. Die nuwe lewe in Christus, is ons *man* – ***Rom. 7:4 (KJV)*** *"married to another, even to him who is raised from the dead, that we should bring forth fruit unto God."*

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984
15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335

Die lewe wat ek nou leef, lewe ek vanuit hierdie geloofs-perspektief:

- Loof die Here God Almagtig;
- Ons leef in oorwinning;
- Die ou dinge het verby gegaan, dit het alles nuut geword;
- Ons vergeet wat agter is, ons strek ons uit na wat voor is;
- Ons is deel van die Gawe van die ewige lewe;
- Ons is die **NUWE MENS**;
- Ons lewe vanuit die nuwigheid van die Gees;
- Nie uit die oudheid van die letter nie;
- Ons leef nie met skuldgevoelens nie;
- My lewe is met Christus verborge in God;
- Ons staan reeds in die teken van die ewigheid;
- Ons is meer as oorwinnaars deur Christus wat ons krag gee.
- "Ons ken dus van nou af niemand meer na die vlees nie; en al het ons ook Christus na die vlees geken, nou ken ons Hom tóg nie meer so nie" – ***2 Kor. 5:16***.

Liefdegroete,

Ds. J.F. Landmann

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984
15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335